AfriForum

Mediaverklaring
5 Februarie 2010

Pretoria is weer amptelik Pretoria ná minister voldoen aan AfriForum-eis

Pretoria se naam is nou weer amptelik Pretoria. Dit volg nadat die Minister van Kuns en Kultuur, me. Lulu Xingwana, vandag voldoen het aan AfriForum se eis dat die verandering van Pretoria se naam na Tshwane teen vandag deur ŉ amptelike kennisgewing in die staatskoerant teruggetrek moes word. Die terugtrekking is geplaas op bl. 5 in Staatkoerant Nr. 32916, wat vandag verskyn het.

AfriForum het vroeër vandeesweek ŉ prokureursbrief aan die Departement van Kuns en Kultuur beteken, waarin aangedui is dat AfriForum ŉ dringende hofbevel sou aanvra om Pretoria se naamsverandering tersyde te stel, sou die naamsverandering wat in verlede Vrydag se Staatkoerant Nr. 32898 aangekondig is nie teen vandag in die staatkoerant teruggetrek is nie.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het gesê sy organisasie is verheug dat Pretoria se naam nou weer amptelik Pretoria is. Kriel het AfriForum se regspan, asook die letterlik duisende mense wat reeds hulle stem ter behoud van Pretoria se naam laat hoor het, bedank vir hulle hulp om die knoop deur te hak. Kriel het ook die Minister van Kuns en Kultuur daarvoor bedank dat sy grootmoedig genoeg was om die naamsverandering terug te trek.

Volgens Kriel sal AfriForum egter steeds die situasie fyn dophou en AfriForum se regspan staan gereed vir enige gebeurlikheid. “Die howe het reeds op soortgelyke gronde Louis Trichardt se naamsveranderingsproses ongeldig verklaar en AfriForum sal poog dat dieselfde gebeur met enige nuwe poging om Pretoria se naam te verander wat moontlik in die toekoms mag opduik.”

Die Pretoria-naamkwessie gaan volgens Kriel egter steeds op 25 en 26 Maart 2010 in die hooggeregshof in Pretoria beland, maar dié keer om regsekerheid te vestig oor die feit dat ŉ munisipale naam nie ŉ geografiese pleknaam is nie.

‘n Afskrif van die Staatskoerant is op aanvraag beskikbaar.

Kallie Kriel
Uitvoerende Hoof: AfriForum